



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoofstuk van die dag: 1

Korintiërs 10

Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie. (1 Kor 10:6)

Paulus sê ons moenie dink dít wat in die Ou Testament staan,

is maar net 'n klomp ou geskiedenis van honderde jare gelede wat eintlik nie vir ons as Nuwe Testament Christene relevant is nie. Want dit wat met die Israeliete gebeur het, kan vandag nog gebeur. Dit is in die Bybel opgeteken om ons te waarsku. Moenie dink jy is te goed om te struikel nie (vers 12). Dis die groot slagvat waarin ons maklik trap: dat ons dink ons kan self ons lewe hanteer, soos Adam en Eva in Eden, of die Israeliete in die woestyn, of Simson in Delila se slaapkamer, of Dawid met Batseba, of Jona wat op 'n skip probeer wegvlug het ...

Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat gemeen het hulle staan, en toe baie hard geval het. Wees gewaarsku, sê die Woord, dit kan met jou ook gebeur. Moenie oorgerus wees en dink jou geloof is sterk nie. Want 'n selfversekerde Christen kan nie teen die lis van Satan en die verleiding van die sonde staande bly nie.

Naskrif: Ek gaan vir die volgende twee weke uithuisig wees en sal dus nie dagstukkies kan uitstuur nie. Ek sal (DV) weer op 4 November 'n stukkies uitstuur.

Onlangse Bydraes

- [Ragel, die vrou wat alles gehad het](#)
- [Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?](#)
- [Jakob](#)
- [Joh 8:1-11 Jesus, jy en ander mense](#)
- [Esau](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)

© Bybelkoerant 2018 – 2026